Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Eksamenadministrasie

Verwysing: 20200818-7556
Lêerno.: 13/9/2
Navrae: C Abrahams

Eksamenadministrasieminuut: 0005/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van onderwysinrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen en Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (OOV) Vlak-4 eksamen voorberei

Onderwerp: Kriteria vir die berekening van addisionele opsieners vir die November 2020 Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-, Senior Sertifikaat (SS)- en Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (OOV) Vlak 4-eksamen

1. Hierdie minuut moet gelees word saam met Eksamenadministrasieminuut 0001/2020 van 26 Februarie 2020 aangaande die aanstelling van opsieners vir die NSS-, SS- en OOV Vlak 4-eksamen.

2. Die regulasies met betrekking tot die Covid-19-pandemie, het die wysiging van die getal opsieners, vir die November 2020 NSS-eksamen genoodsaak.

3. Die doel van hierdie minuut is om prinsipale en sentrumbestuurders van leersentrums vir volwassenes in kennis te stel dat die verhouding van een opsiener tot dertig kandidate (d.w.s. 1:30), soos uiteengesit in paragraaf 8.2 van Eksamenadministrasieminuut 0001/2020, **gewysig kan word** om aan die sosiale distansiëringsvereistes van die Covid-19-regulasies te voldoen wanneer klaskamers vir die skryf van die eksamens gebruik word.

4. Die huidige Covid-19-waarskuwingsvlak 2 en die gevolglike implementering van die sosiale distansiëringsbeginsel van 1.5 meter tussen kandidate beïnvloed die getal kandidate wat per lokaal kan skryf, afhangende van die grootte van die lokaal. Die distansiëringsbeginsel sal van krag bly totdat die Covid-19-pandemie onder beheer en die regulasies dienooreenkomstig aangepas is.

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
Tel: +27 21 467 2915 Faks: +27 21 461 5637
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

5. Indien skoolsale gebruik word, sal die verhouding van 1:30 toegepas word en die saal mag gevul word, mits die sosiale distansiëring tussen kandidate 1.5 meter is en die saal goeie ventilasie bied met deure en vensters wat oopgelos word.

6. Waar nodig, moet skole wat klaskamers gebruik die nominasielys met 'n reserwelys, wat slegs uit addisionele gemeenskapopsieners bestaan, aanvul.

7. Die addisionele genomineerde opsiener(s) wat volgens hierdie gewysigde verhouding van 1:20 toesig oor kandidate in die klaskamer sal hou, hoef nie aan die aanstellingsbeginsel van 50:50 te voldoen nie, en daarom kan meer gemeenskapslede in hierdie geval genomineer word. Die hoofopsiener moet sorg dat alle gemeenskapopsieners goed opgelei is, die eksamenregulasies begryp en gesond is. Bewyse van sodanige opleiding moet vir ouditdoeleindes bewaar word.

8. Alle ander kriteria en prosesse vir die identifisering en nominasie van opsieners is steeds van toepassing.

9. Die getal mense wat by werkplekke (skole ingesluit) toegelaat word, word bepaal deur:
(a) vloeroppervlak van die gebou; en
(b) dat mense 'n fisiese afstand van ten minste 1.5 meter van mekaar kan handhaaf.
Raadpleeg asseblief Regulasies 5.4 en 5.5 van die Regulasies uitgereik ingevolge die Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet 57 van 2002) wat in *Staatskoeran*t No. 43258 van 29 April 2020 gepubliseer is. Om hierdie rede kan meer as 50 leerders dus in 'n saal geakkommodeer word.

10. Afhangende van die Covid-19--waarskuwingsvlak, moet alle prinsipale en sentrumbestuurders van leersentrums vir volwassenes reël dat addisionele permanente personeel met die siftingsproses van kandidate, die ontsmettingsproses en toelatings- en sitplekproses help om te verseker dat die toepaslike Covid-19-regulasies nagekom word.

11. Alle prinsipale en sentrumbestuurders van leersentrums vir volwassenes moet dus die volgende voorlê:

    (a) 'n Nominasielys gebaseer op die verhouding van een toesighouer vir elke 30 kandidate. Die nominasielys moet voldoen aan die beginsel van 50% onderwysers en 50% gemeenskapslede. Alle stawende dokumente soos uiteengesit in die Eksamenadministrasie-minuut 0001/2020 moet by die lys aangeheg word en nie later nie as 28 Augustus 2020 by die distrikskantoor ingedien word.

    (b) 'n Reserwelys van addisionele gemeenskapsopsieners word benodig om te voldoen aan die vereistes vir sosiale distansiëring waar klaskamers gebruik word. Hierdie nominasie moet aan die gewysigde verhouding van een toesighouer vir elke twintig kandidate (verhouding 1:20) voldoen.

Die opsieners op die reserwelys sal slegs gebruik word soos nodig. Die reserwelys, tesame met alle stawende dokumente vir die aanstelling van die gemeenskapsopsieners, soos uiteengesit in die Eksamenadministrasieminuut 0001/2020, moet nie later nie as 28 Augustus 2020 by die distrikskantoor ingedien word.

12. Hierdie voorgestelde wysigings is afhanklik van die Covid-19-waarskuwingsvlak in die land en die Wes-Kaap Onderwysdepartement behou die reg voor om die inhoud van hierdie minuut te wysig of terug te trek om aan die toepaslike wetgewing en Covid-19-gesondheidsregulasies te voldoen.

13. Prinsipale en sentrumbestuurders van leersentrums vir volwassenes en amptenare vir onderwysdistrikte word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle personeel en lede van die beheerliggame te bring.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2020-08-20